AKADEMIES
TEGNO-AKADEMIES
KUNSTEVAKKE
GASVRYHEIDSTUDIES, VERBRUIKERSTUDIES & TOERISME

Hoërskool Bastion

DIE SKOOL WAAR JOU WAARDES VASGELÊ WORD

2 November 2021

Skoolfondsbrief 2022

Na afloop van die Ouerbegrotingsvegradering waar die skoolfonds vir 2022 voorgehou en bespreek was, is die volgende besluite goedgekeur en in terme van die SA Skolewet Wet 84 van 1996 en is die skoolfonds derhalwe bindend vir alle leerders by Hoërskool Bastion.

1. **SKOOLFONDS 2022 (Resolusie 1)**
   Die begroting vir 2022 word aanvaar soos vervat in die aanbeiding en resolusies.

2. **SKOOLFONDS 2022 (Resolusie 2)**
   Die skoolfonds vir 2022 beloop R27 800.00 per leerder en is betaalbaar voor of op 31 Januarie 2022.
   Die skoolfonds mag, onderhewig aan die daarstelling van 'n **skriftelike afbetalingsooreenkoms, oor 11 maande** afbetaal word.
   'n **Minimum bedrag per gesin R 3 500,00** per jaar of R 350 x 10 maande is betaalbaar vir alle leerders.
   - **2.1 1ste Premie = R 2 500,00 (Betaalbaar voor of op 31 Desember 2021)**
   - **2.2 Kortings:**
     - **Korting 10%** indien die volle skoolfonds voor op 31 Desember 2021 betaal word, of indien die gesin kwalifiseer vir 'n Gesinskorting vir 3de kind van gesin in Bastion
     - **Korting 5%** indien volle skoolfonds voor of op 28 Februarie 2022 betaal word;
   - **2.3 Afbetalingsreëlings:**
     Die balans van R25 300.00 is per Debietorder betaalbaar in 11 paaiemente van R2 300,00 elk vanaf 31/01/2022 tot 30/11/2022.

3. **BETALING VAN SKOOLFONDS (Resolusie 3)**
   Die volle uitstaande skoolfonds is betaalbaar voor of op 31 Januarie 2022.
   Slegs met 'n getekende afbetalingsooreenkoms word volgende opsies aanvaar:
   - 3.1 Die balans van R25 300.00 is per Debietorder betaalbaar in 11 paaiemente van R2 300,00 elk vanaf 31/01/2022 tot 30/11/2022.
   - 3.2 Die afbetalingstermyn bly onveranderd indien kortings toegestaan word.

   Die volle skoolfonds is onmiddellik opeisbaar indien enige paaiement sonder skriftelike reëlings, nie nagekom word nie.

   OUERS IS GESAMENTLIK EN ONAFHANKLIK VERANTWOORDELIK OM DIE SKOOLFONDS TE BETAAL

4. **Vrystellings en kortings (Resolusie 4)**
   Volle-, gedeeltelike- en/of voorwaardelike kwytskelding van skoolfonds
   WORD SLEGS IN TERME VAN (Artikel 39(4) en Artikel 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, soos vervat in Tabel G van dieselfde wet, en soos aangepas in **Gazette 39392 van 17/11/2016),** oorweeg, **SLEGS INDIEN OUERS VANAF 31 JANUARIE 2022 TOT 28 FEBRUARIE aansoek doen.**
   Die skool behou die reg voor om aansoeke tot die begrotingsbedrag te beperk.
   - 4.1 **Die volgende proses is van toepassing;**
     Die **keerdatum vir aansoek** om kortings van skoolfonds op die voorgeskrewe vorms, insluitend die aanhangsels voorgeskryf, volledig ingehandig vanaf Registrasievergaderingdatum tot 28/02/2022, met bewyse vir die 2022 vergoeding.
   - 4.2 **'n MINIMUM BEDRAG VAN R 3 500,00 PER KIND IS BETAALBAAR AAN DIE SKOOL VIR DIE BASIESE ONDERWYS GELEENTHEDE**

5. **Fondsinsamelingsprojekte (Resolusie 6)**
   - 5.1 Fondsinsamelingsprojekte sal benut word om Kapitaalprojekte te befonds.
   - 5.2 Geen Kapitaalprojekte sal uit skoolfonds befonds word nie

6. **Pleegsorg en Welsynsgevalle (Resolusie 7)**
   Pleegsorg en Welsynplasing in Pleegsorg in terme van SASA ontvang 100% vrystelling.
   Daar word n beroep op bogenoemde gesinne gedoen om n minimum van R 3 500,00 vir die skooljaar in te betaal (R 2500 + R100 per maand) om akademie te ondersteun.

7. **Merieteaansoeke vir 2022**
   Aansoeke word slegs van 1 Desember 2021 tot 31 Januarie 2022 ontvang. (GEEN laat aansoeke word aanvaar nie.)

8. **Busgelde vir 2022**
   - 8.1 **Daaglikse ritte**
     Enkelrit – R 50
     20 x Ritte – R 500
     Maandkaartjie – R 900
   - 8.2 **Versoeke** in hierdie verband sal deur die Beheerliggaam goedgekeur word.
   - 8.3 **Busfooie vir aktiwiteite: Eenmalige fooi (Voor einde Maart)**
     - a. **Sportleerders** R 500 vir die jaar
     - b. **Kultuurleerders** R 250 vir die jaar
     - c. Geen aanvullende busfooie nie

9. **ANDER FOOIE BETAALBAAR GEEN VRYSTELLINGS WORD TOEGSTAAN NIE**
   - 9.1 **AANVULLENDE STUDIEGIDSE EN WERKBOEKE (Akademiese Studierigting) @ R 250 per kind.**
   - 9.2 **DAGBOEKIES (Word voorsien aan alle leerders) @ R 20 per kind** – Om dagboekies oor te trek en foto op te plaas **(Betaalbaar VOOR 31 Januarie 2022).**
   - 9.3 **AANVULLENDE STUDIERIGTINGS GR 10 -12**
     R 1000 per jaar alles insluitend (Studierigtings met PAT's – Tegnies, Gasvryheid & Verbruikers en Ontwerp & Visuele Kunste) - **Betaalbaar voor 31 Maart 2022.**
   - 9.4 **GRAAD 8 KAMP**
     R 1700,00 per kind **(Betaalbaar voor 31 Januarie 2022 – Skriftelike afbetalingsooreenkoms kan oor 3 maande geskied).**

10. **BOETES EN TERUGBETALINGS VAN TOEPASSING VIR 2022**
    Daar vind 'n **verpligte Registrasievergadering vir Skoolfondskortings** plaas in Januarie soos bepaal op die Jaarbeplanning
    - Verlore handboeke @ kostes van nuwe handboek
    - Selfoon afkoopboete @ R500,00
    - Verlore Dagboek @ R 250,00
    - Rook insluitend "Vape" boete @ R 500,00
    - Afskriftkoste @ Kleurafdrukke R 5,00 & Gewone afdrukke R 3,00
    - Roosters herdruk @ R 10,00
    - Herdruk van kwitansies en kaartjies vir handboeke @ R 25,00
    - Ander fooie soos deur die die Beheerliggaam bepaal.

11. **UITREIKING VAN HANDBOEKE**

    Ouers kan op die volgende tye handboeke en skrifte kom afhaal by die boekstore:

    - 9 Desember 2021 – Gr. 9 en 10 vanaf 9uur tot 11uur
    - 10 Desember 2021 – Gr. 11 en 12 vanaf 9uur tot 11uur

    Leerders ontvang direk boeke en skrifte indien die bewys van betaling van die eerste paaiement van

    R2 500.00 getoon word.

Hoof: Mnr Gert Koekemoer

Posbus 3158, Witbeeck 1729
Trezonalaan, Mindalore 1739

Webblad: www.bastionhs.co.za
E-pos: hoof@bastionhs.co.za

Tel: 011 568-7500
Faks: 086 552-6726

- Handboeke en/of aantekeninge vir die jaar
- Eerste stel skrifte
- Huiswerkboekie

Maak asseblief seker dat u die kwitansie veilig bewaar, aangesien 'n fooi van **R25.00** gehef sal word vir 'n duplikaatkwitansie. Dit sluit reëlingskaartjie en buskaartjies in. Indien u reeds die eerste paaiement betaal het en die leerder besluit om na 'n ander skool te gaan, ontvang u slegs 'n persentasie terug van die eerste paaiement.

12. ALGEMEEN

NB. Indien u kontakbesonderhede verander moet u die skool asseblief binne 7 dae skriftelik verwitting.

Dit staan u vry om enige tyd die skoolkantoor te skakel rakende enige aspek soos hierbo genoem, of vir enige bystand in die verband.

Alle resolusies soos afgeteken op 26/10/2021 is op aanvraag beskikbaar by Me. J. Niemann.

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

Mnr. M. Combrink
Beheerliggaamvoorsitter

Mnr. G. A. Koekemoer
Hoof

Skeurstrokie: **Skoolfondsbrief 2022**

Hiermee erken ek, _____ ouer/voog van _____

Gr. _____ ontvangs van skrywe rakende **skoolfonds vir 2022.**

_____ _____

Handtekening van ouer/voog Datum